**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII MAANDAG 10 SEPTEMBER 1962 NR. 9
OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# Afskeid aan uittre-dende S.R.-Lede


**Agt Studenteraadslede van die huidge termyn tree môre finaal uit die organisatoriese studentelewe aan die P.U. Hulle is mnrr. H. B. van der Walt, W. J. van der Merwe, F. R. P. de Bruyn, D. G. C. du Plessis, P. W. Steinberg, D. A. S. Herbst, die damesverteenwoordigster, mej. Erina van der Walt, en die voorsitter van die Studenteraad, mnr. J. S. du Plooy.**

**DIE WAPAD wil graag in hierdie uitgawe sy waardering teenoor hierdie groot geeste betuig en 'n kort blik werp oor die loopbaan van elkeen.**

## Groot sportman

Een van die groot en bekende figure in ons studentelewe, verdwyn vanjaar, na agt lang jare, van die toneel.

*Petrus Willem Steinberg* het in 1955 as eerstejaarstudent aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf. Reg van die begin af het hy hom onderskei op sportgebied en in



Mnr. P. W. Steinberg

sy eerstejaar vir die onder-negentien A uitgedraf.

Van sy tweedejaar af speel Piet gereeld eerstespan en met ses eersteliga seisoene agter die rug, hou hy die rekord as die speler wat die meeste wedstryde vir die eerste rugbyspan gespeel het. Tot op datum het Piet 140 wedstryde voltooi, terwyl daar nog vier in hierdie seisoen oor is.

Hy het sy Wes-Transvaalkleure in 1958 verwerf en in 1960 die Noordelike Universiteite teen die All Blacks verteenwoordig.

Vanjaar was Piet kaptein van die Rugbyklub en voorsitter van die S.S.B. Hy het hierdie liggaam dan ook op die Studenteraad verteenwoordig.

Ook op kultuurgebied het Piet sy spore getrap. Hy was twee keer toerlid van Thalia en sal lank onthou word vir sy skitterende vertolking van Orgon in *Liefde en spelfoute.*

Ons groet hierdie ou strydros en wens hom sukses toe met die skoolhou in Noord-Transvaal!

## VOORSITTER VAN S.V.K.

Die Studenteraad het mnr. A. L. Coetzer aangewys as nuwe voorsitter van die Sentrale Vreugdedagkomitee. Mnr. Coetzer het goeie ondervinding opgedoen as lid van beide die Vreugdedagkomitee en die PUKKIE-redaksie om sy kragte in te span op die koördinerend liggaam.

# VERKIESING HIER!

**Môre vind die Studenteraadsverkiesing plaas. Oor die algemeen beskou, is daar vanjaar 'n toename in belangstelling in ons studentelewe, en aangesien die verkiesing nie weer na 'n lang naweek plaasvind nie, behoort die meeste stemgeregtigde lede van die massa teenwoordig te wees.**

Waar in die verlede gewoonlik taamlike sekerheid bestaan het oor wie die dagbestuursposte van die Studenteraad sal vul, is dit vanjaar 'n ope vraag daar die aanspraakmakers op hierdie poste min of meer oor dieselfde bekwaamheid beskik en ewe lank diens het in die studentelewe.

Die nominasies vir die dagbestuursposte het verlede Woensdag gesluit en die Studenteraad as kieskollege besluit vanaand op twee-, drie- of viertalle.

### Orde verander

Die verkiesingsorde is vanjaar verander vir die hoofliggame en kan in die hand werk dat persone van ander hoofliggame verkies kan word as wat die algemene verwagting was. Die A.B.K.K. kom nou eerste aan die beurt, daarna die S.S.B., gevolg deur Korps en A.S.B.

Vanjaar was die Studenteraad taamlik gevorderd in jare. Die verwagting is egter dat die nuwe Studenteraad jonger sal wees en meer kontinuïteit te weeg sal bring.

Die verkiesing begin om 8.00 vm. in die Studentesaal en bereik 'n hoogtepunt tydens 'n massavergadering môreaand wanneer die nuwe voorsitter die stoel sal oorneem.

# KOOS DU PLOOY — ALSYDIGE LEIER

**As die studenteloopbaan van die aftredende Studenteraadsvoorsitter, mnr. J. S. du Plooy, kort saamgevat moet word, sal die volgende voldoende wees: „'n Veelsydige man met bekwaamheid op elke gebied."**

Koos du Plooy het homself onderskei op prinsipiële, organisatoriese, kulturele en sportgebied. Van alles het hy 'n sukses gemaak, en nogtans akademiese student ook gebly. Voorwaar 'n voorbeeldige prestasie!

### A.S.B.

Sy buiging in die studentelewe het mnr. Du Plooy in 1959 gemaak as organiseerder van die A.S.B. en addisionele lid op die debatsbestuur. Reeds die volgende jaar was hy voorsitter van die debatsbestuur en ondervoorsitter van die A.S.B. Hy word dan ook vanaf die A.S.B. op die Studenteraad verkies.

Dieselfde jaar dien hy ook op die A.B.K.K. en is koshuisverteenwoordiger vir Uitspan.

### Besige jaar

1961 was 'n baie besige jaar vir mnr. Du Plooy as voorsitter van die A.S.B., hoofkoshuisverteenwoordiger van die Heimatkompleks, en ondervoorsitter van die Studenteraad. Vanjaar het hy dan die leiding van ons studentelewe op sy skouers gehad.

By alles was Koos nog sportman van faam. Op rugbygebied het hy die eerstespan jare lank verteenwoordig en ook Wes-Transvaal en die Noordelike Universiteite. In hierdie sportsoort het hy dan ook erekleure



Mnr. J. S. du Plooy

ontvang. Verder het hy ook vir die eerste bofbalspan gespeel.

Behalwe die verteenwoordiging van die Studenteraad op beleidsraadsvergaderings van die A.S.B., het mnr. Du Plooy vier A.S.B.-kongresse bygewoon as P.U.-afgevaardigde en sou sekerlik op die hoofbestuur gedien het indien hy daarvoor beskikbaar was.

### Leier

As besadigde, kalme en tog besliste leier was Koos du Plooy 'n waardige navolger in die voetspore van sy vader, ds. J. F. du Plooy, wat dertig jaar voor hom voorsitter van die Studenteraad was. DIE WAPAD wens mnr. Du Plooy toe dieselfde sukses wat sy vader in die bediening behaal het.

# NOG 'N OU STRYDROS TREE UIT

H. B. van der Walt, een van die enigste drie eerstejaars van 1955 wat tans nog op die Puk is, lê vanjaar die tuig neer.

H. B., wat reeds die B.A.-graad verwerf het en tans in die Teologie studeer, het hom onderskei op die gebied van sport en kulturele lewe.


Na verskeie jare in die Puk se eerste rugbyspan moes hy vanjaar die stewels ophang na 'n ernstige besering aan sy regterhand.

H. B. van der Walt het die Volkspelelaar van die P.U. baie jare gedien waarvan die afgelope twee jaar as voorsitter. In hierdie hoedanigheid het hy ook die afgelope twee jaar op die A.B.K.K. gedien en vanjaar op die Studenteraad.


Hiermee sluit nog 'n kleurryke loopbaan af. Ons beste wense aan H. B. en Ina.




Carel Grundlingh
*(Lees op bl. 6)*




Hennie van der Walt
1959—1960



Tjaart van der Walt
1956—1957



Flip Snyman
1955



Koos du Plooy
1962

# ?
# 1963



De Wet Kruger
1961




**Dit is die snit wat tel . . .**

- ★ Alba Broeke
- ★ Mentone Pakke
- ★ Monatic Hemde
- ★ Battersby Hoede
- ★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1

**Joubert Meubels**
KERKSTRAAT 201 — POTCHEFSTROOM — TELEFOON 21
VIR MODERNE MEUBELS EN ALLE HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die jongste plaatopnames — Kom besigtig ons groot reeks.

**TURKSTRA**
**Bakkery**
vir
BROOD
KOEK
en
BOEREBESKUIT
onthou

Onderrig in:

Klavier en Teorie van Musiek
Spraakleer en voordragkuns
Groepklasse in Praatkoor-werk
(veral vir aspirant onderwysers(esse))


**Studente wat hierin belang stel, spreek:**

**MEV. M. M. COETZEE**
**Tomstraat 114** **Telefoon 1336**

# Dirk Herbst tree uit

**Mnr. Dirk Herbst wat vanjaar die sesde P.U.-kaner geword het om die president van die A.S.B. te word, gaan sy volle aandag aan sy nuwe amp wy, en hom onttrek uit die aktiewe deelname aan die plaaslike studentelewe.**

Dirk Herbst het sy studenteloopbaan begin as assistent-sekretaris van die A.S.B. (onder mnr. Frans de Bruyn as sekretaris) in 1959. In dieselfde jaar is hy ook benoem as assistent-hoofredakteur van DIE WAPAD.



Mnr. D. A. S. Herbst

### Hoofredakteur

Die diepste spore wat mnr. Herbst in die plaaslike studentelewe getrap het, was sekerlik dié as hoofredakteur van ons studentekoerant in 1960 en 1961. Hy het die WAPAD op 'n vaste grondslag geplaas en die gehalte van die blad so verhoog dat dit dikwels bestempel is as die model-koerant onder ons studenteblaaie.

In 1961 dien hy as lid vir rasseaangeleenthede op die plaaslike A.S.B. en in 1962 word hy voorsitter van hierdie bestuur. Dat die A.S.B. sy eerste liefde en grootste belangstelling is, het duidelik begin blyk met sy verkiesing as sekretaris van die A.S.B.-hoofbestuur in November 1960 na die bedanking van mnr. Idyll van der Walt.

Op die Bloemfontein-kongres, 1961, is mnr. Herbst herkies as sekretaris van die hoofbestuur, maar na 'n skommeling van portefeuljes benoem as direkteur van rasseaangeleenthede. Hier het hy waardevolle werk verrig en is dan ook vanjaar beloon met die hoogste sport op interuniversitêre gebied, naamlik die presidentskap van die A.S.B.

Sy werk op die Studenteraad as ondersekretaris in 1961 en A.S.B.-verteenwoordiger in 1962 was van hoogstaande gehalte en sal lank onthou word. Aan hom 'n suksesvolle loopbaan toegewens.

## Erina van der Walt

Mej. H. F. van der Walt, damesverteenwoordigster op vanjaar se Studenteraad, voltooi aan die einde van die jaar haar studies en lê dus ook môreaand die tuig neer.

Mej. Van der Walt het haar onderskei deur as derdejaar op die huiskomitee te dien en het hier dan ook gestyg tot hoofdame van De Klerkhuis.

Ook op kulturele gebied het sy haar onderskei en nie alleen twee toere saam met Thalia onderneem nie, maar ook op die bestuur van hierdie liggaam gedien.

### Komitees

Afgesien van haar gewone pligte as damesverteenwoordigster op die Studenteraad, sal mej. Van der Walt onthou word vir haar werk as sameroepster van die Kafeteriakomitee en as lid van die Verkiesingskomitee, beide komitees *uit* die Studenteraad.

Haar toegewyde diens was inspirerend. Mag haar lewensweg hiervandaan verder daardie kenmerk behou. Sukses haar toegewens.

## NIE MEER OP ONS BANE

Die bekende gesig van Dawie du Plessis sal eersdaags nie meer op die P.U.-tennisbane opgemerk word nie. Dawie voltooi aan die einde van die jaar sy teologiese studie en hiermee verloor die studentelewe nog een van sy ou veterane.

Mnr. D. G. C. du Plessis was sportman by uitnemendheid. Hy het hom hart en siel toegelê op tennis en groot louere in hierdie spel ingeoes.

### Hoogtepunt

Vanjaar was beslis die hoogtepunt van sy loopbaan toe hy die Wes-Transvaalkampioenskap (mansenkelspel) verower het en gekies is as reserwe vir die Proteaspan. Hy het sy provinsie dikwels op die tennisbaan verteenwoordig.

Mnr. Du Plessis het gedurende sy studenteloopbaan waardevolle werk gelewer as lid van die S.S.B. Hy is in 1957 op die Studenteraad verkies as verteenwoordiger van ons sportmanne en -vroue en het vanjaar weer hierdie posisie beklee.

Mag ook hy baie suksesvol wees in die roeping wat hy so ernstig aanvoel.

## Wynand van der Merwe span uit

Mnr. Wynand van der Merwe, ondervoorsitter van Korps en verteenwoordiger van daardie liggaam op die Studenteraad, tree môreaand, met die oorname van die nuwe Studenteraad, uit die aktiewe georganiseerde studentelewe.

Mnr. Van der Merwe het sy eerste taak in die studentelewe verrig as lid van die tweedejaarskomitee en lid van die argiefkomitee. Daarna het hy ook op die hokkiebestuur gedien, was lid van Thalia en eers lid en later voorsitter van die Volkspelebestuur. Vanaf die Volkspelebestuur het hy ook twee jaar op die A.B.K.K. gedien.

### Spesialiseer

Mnr. Van der Merwe het, ondanks sy wye belangstelling en deelname, tog in twee bepaalde rigtings gespesialiseer, naamlik op die Korpsbestuur en as lid van die Geselligheidskomitee. Op laasgenoemde komitee het hy drie jaar gedien, waarvan die laaste as voorsitter was.

Dit was egter deur middel van Korps dat mnr. Van der Merwe die hoogste sport bereik het. Ook hierdie bestuur het hy drie jaar lank gedien — vanjaar as ondervoorsitter en verteenwoordiger op die Studenteraad.

### Gholf

As sportman is Wynand bekend en is 'n gereelde lid van die eerste gholfspan. Hy het dan ook aan die interuniversitêre toernooi te Grahamstad deelgeneem.

Hy is getroud met mej. Rina Pretorius van Heidelberg.

Mnr. Van der Merwe voltooi sy studie in die teologie aan die einde van volgende jaar om daarmee in sy vader se voetstappe te volg. Mag sy laaste Pukjaar vir hom en sy eggenote aangenaam en voorspoedig verloop.

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O.. Potchefstroom.*

## VETERAAN NIE WEER BESKIKBAAR

Die naam Frans de Bruyn en sekretariële werksaamhede van die Studenteraad het op die P.U. deur tradisie 'n sinonieme betekenis verkry. Nie alleen het mnr. De Bruyn die rekord geëwenaar om vier jaar op die Studenteraad te dien nie, maar self 'n rekord opgestel deur vier jaar aan die sekretariaat van die Studenteraad verbonde te wees.

Frans de Bruyn het in 1957 aan die P.U. ingeskryf en reeds in sy eerstejaar aktief aan die Studentelewe deelgeneem as toerlid van die Alabama Studente-orkes. Vier agtereenvolgende jare het hy Alabama-toere onderneem. Hierdie liggaam het hy getrou gedien as sekretaris en ondervoorsitter, terwyl hy ook tydens twee toere as Studenteraadsverteenwoordiger opgetree het.

### Sekretarieel

Mnr. De Bruyn het reeds vroeg getoon dat hy besondere aanleg vir sekretariële werk het en het agtereenvolgens en gelyktydig opgetree as sekretaris van Alabama, Geselligheidskomitee, A.S.B. en die Studenteraad. Hy het in 1959 opspraak verwek deur as derdejaarstudent gedurende Februarie in 'n tussenverkiesing as ondersekretaris van die Studenteraad verkies te word.



Mnr. F. R. P. de Bruyn

Op A.S.B.-kongresse sal Frans de Bruyn onthou word as die besadigde, eerlike denker. Hy het die P.U. op vier agtereenvolgende kongresse verteenwoordig.

Die afwesigheid van mnr. De Bruyn in die studentelewe sal gevoel word.


Hy sluit sy studenteloopbaan op 'n hoogtepunt of met die verowering van die Abe Bailey-reisbeurs na Engeland. DIE WAPAD wens hom 'n voorspoedige reis en veilige tuiskoms toe.

# Redakteur Benoem

Mnr. Marius Aucamp is deur die Studenteraad benoem as Hoofredakteur vir DIE WAPAD vir 1963.

Mnr. Aucamp het eers as nuusredakteur op die redaksie gedien en daarna as tegniese redakteur. Vanjaar het hy die onderskeiding behaal om verkies te word tot ondervoorsitter van die Afrikaanse Studente Persunie.

Marius Aucamp is vanjaar 'n derdejaar B.A.-student en hoop om volgende jaar aan die Teologiese Skool in te skryf.



Mnr. Marius Aucamp




**Wes-Transvaalse**

**SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

**SUPERETTE**

**Tomstraat 100**

**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

**Fleurette Bloemiste**

Sleep in by:
*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*

Kerkstraat 143 — Telefoon 709

**Lucille**

die deftigste
DAMESWINKEL
in die dorp

**Onthou 3091**

Skakel hierdie nommer vir diens!

**DIE BULT APTEEK**

**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

**INSLEEP**

Dames en Here.
Kom besoek die

**Afrikanerkafee**

Ons is altyd tot u diens. melk, 5 sent per pint.

die Wapad

# STUDENTERAAD SPAN UIT

Die jaar 1962 het snel na sy einde geskiet.

Die termyn van die huidige Studenteraad verstryk môreaand en 'n nuwe word daargestel.

Dan is dit goed om nabetragting te hou en te besin oor die hoogtepunte of laagtepunte wat bereik is gedurende die dienstermyn.

Die Studenteraad van 1962 was 'n *ou* Studenteraad. Die ouderdom in jare het ervaring gebring, meer as by enige vorige Studenteraad. Dit blyk ook uit die besadigde wyse waarop sake aangepak en gehanteer is. Tog moet erken word dat die ouderdom ook gebrek aan lewenskrag en inisiatief meebring. Vir ouer mense is dit altyd verkiesliker om liewer in die gevestigde weë te bly wandel en dit aan die jonger geslag oor te laat om nuwe dinge aan te pak.

Nietemin kan nie gesê word dat die Studenteraad van Koos du Plooy staties was nie. Groot dinge is aangepak en suksesvol deurgevoer. Eerste kan hier genoem word die pos van Administratiewe Beampte wat deur mnr. Cassie van der Walt op 'n vaste grondslag geplaas is en beslis 'n noodsaaklikheid in ons studentelewe blyk te wees. Verder is 'n groot stap gevorder in die rigting van die bou van 'n ontspanningsaal. Inderdaad 'n mylpaal wat bereik is.

Wat egter die werk van 'n studenteraadslid vul en sy tyd werklik in beslag neem is die kleiner organisatoriese aangeleenthede wat van dag tot dag gedoen moet word om die studentelewe te laat vlot. Hierin het die ervaring van die huidige Studenteraad duidelik gespreek en moontlik was daar daarom so 'n vlot administrasie van die masjien van ons studentelewe.

Mnr. Du Plooy en sy medelede verdien 'n goeie applous vir die uitnemende diens wat hulle aan ons studentegemeenskap gelewer het.

En nou neem 'n nuwe span oor. Wie dit gaan wees, weet niemand nog op hierdie stadium nie. Wat ons wel weet is dat dit 'n bekwame veertiental sal wees. Daarvoor sorg die massa en onderliggame van die P.U. vir C.H.O. altyd.

Aan hulle ons beste wense. Mag u leiding *in U lig* die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. tot nog groter hoogtes voer.

# DIENS OF EER?

Môre word die hele dag afgestaan aan die Studenteraadsverkiesings. Dit is ongelukkig dat hierdie tyd van verkiesings dikwels gepaard gaan met verwydering tussen vriende, kwaaie gevoelens wat opgewek word en onnodige kwaadstokery en voortdurende *oortreding van die negende gebod.*

Hierdie dinge is die teken dat dit gaan om *eie eer.* So erg dat ek my boesemvriend in die grond sal trap as ek weet hy is 'n moontlike opponent vir die pos wat ek vir myself wou *reserveer.*

In die studentelewe moet dit egter altyd gaan om diens. Wel is dit 'n eer om op die Studenteraad te dien. Maar dan moet die gedagte vervat in die woorde van mnr. Frans Hanekom, voorsitter van die Stellenbosse Studenteraad, altyd ons voor oë bly: *Dit is nie 'n prestasie om op die Studenteraad verkies te word nie, maar om te bewys dat daardie verkiesing verdiend was.*

Dit is waarskynlik nie korrek om van *verdienste* te praat nie. Die bedoeling is egter duidelik: Dit is maklik om deur die organisasie van jou *vriende* op die Studenteraad te kom, maar jou verkiesing word bewys deur jou *bekwaamheid.*

Mag dit die groot oorweging wees by elke stemgeregtigde om die bekwaamheid van die kandidaat in ag te neem en alle vooroordeel en persoonlike gevoelens opsy te skuif.

Dit gaan hier nie om persoonlike voordeel nie, maar om die vooruitgang van ons studentelewe.

Dit gaan om die *eer van u Alma Mater!*

**REDAKSIE:**

| | |
|---|---|
| Hoofredakteur | Idyll van der Walt. |
| Assistentredakteur | Leon Croesêr. |
| Tegniese redakteur | Marius Aucamp. |
| Interuniversitêre redakteur | Frikkie van Deventer. |
| Nuusredakteur | Fanie du Plessis. |
| Sportredakteur | Tonie Richards. |
| Variaredakteur | Johan Serfontein. |
| Variaredaktrise | Francoise Coetzee. |
| Kunsredaktrise | Trudi Gey van Pittius. |
| Sekretaresse | Margaretha Bingle. |

## In U Lig

# Verkiesing!

Markus 9 : 34—35: *Maar hulle het stilgebly; want hulle het op die pad met mekaar gepraat oor wie die grootste is. En toe Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees.*

Ons is weer in die tyd van verkiesings. Ons gaan verkies word om diens te verrig aan ons universiteit in die studente-aktiwiteite. Verkiesing is met die oog op diens.

Jesus het ook 'n groepie eenvoudige mense verkies om in sy heerlike diens te staan. Sy dissipels is geroep om reeds tydens sy omwandeling belangrike werk te verrig, maar daar sou vir hulle na sy hemelvaart die groot werk kom om heen te gaan na alle nasies en Christus daar te verkondig.

Hy onderrig hulle oor sy lyde en sy opstanding, maar daarvan verstaan hulle niks nie. Hulle verlustig hulle by voorbaat in sy Koninkryk. Waar hulle hier so geredeneer het oor wie die grootste is, is dit seker nie te veel gesê as beweer word dat hulle vir daardie oomblik vergeet het dat hulle moet dien nie. Hulle sien hulleself as mense wat loon moet ontvang en betoon hulle so nie as ware diensknegte nie. Verder verbreek hulle ook die eensgesindheid wat onder diensknegte moet wees wat moet saamwerk. Die redenering was seker nie om die minste te wees nie, maar wel oor wie die meeste moet wees. Hulle het meer op hulleself as op die Koning van die ryk gesien.

Ons moet ook maar diep in ons eie harte inkyk of dit nie ook vir ons om onsself gaan nie, om ons nie soek na ons eie eer nie, en daarmee die dienswerk van Christus belemmer nie. Want oral waar u staan, moet u uself sien as van die Here geroep om te arbei tot sy eer. Daar is dikwels by ons die dienswerk van 'n valse selfverloëning — die diens wat wil hê dat ander dit moet opmerk om ons dan te eer en te waardeer.

Grootheid bestaan in ware diens aan Christus, diens uit liefde *vir Christus*, en nie vir onsself nie.

Ons moet self altyd minder word en Hy altyd meer.

Cachet Modes

**(EDMS.) BPK.**

**TOMSTRAAT 92** **TELEFOON 1389**

**POTCHEFSTROOM**

★

Mooi wintermateriaal

★

Nomotta-wol in voorraad

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

**Kerkstraat 91—95** **Telefoon 1164 & 497**

**Borcherdstraat** **Telefoon 3431**

**POTCHEFSTROOM**

# Warm uit die klein oondjie

Lievste oom enjin,

**Laat ik gou vir oom hille virtel van die intirwaarsiti. Ons was mos hiri jaar ikovs toe giwees vir die sportsi. Dit was allis van jiksky tot joedou inni van netbol tot voetbol. Oom sil my nou nie glo nie maar ons was loshanne oorie sesdysent wat met i tryn gegaan het.**

Die tryn was vol seens en dogtirs van pik inni een man moet net gekyk het lat alis soet gaan, wat si naam voordiwint was. Nous ek ti skaam lat ek vir oom allis sil virtel, maar dit sil sekir bonnils kyste wees wat van intirwaarsiti sil oorbly. Oom maar pirty seens het baihi liwai gemaak soelat pirty dogtirs kwat giwort het. Hilli het ôk sekir biki gees givang. Yntlik het die kwai liwai gikom met die trigkom, oorlat die seens sekir nog meer gees givang het.

Oom die meeste liwai het gikom met die howetstryt voetbol innie mirrag. Ons dirigenti het sikki lang kleeri met groot hoeti in hanskoeni. Die onnirdirigent was jan boniskans wat my lat lag het. Hy hat sikki snaaksi seegoet lat ammal gillag het. Die seens praat lat ikovs si rasilyir vyl was. Ek het gikyk maar sy gisig was skoon. Hilli het sies gisee as hy praat. Miskien was sy tanne vyl.

Ons annir dirigent was hans vasyl wat ok snaaks was. Hilli sinni was boer pitoors ma hysie vamielie nie.

Mar oom die dirigenti het i goeii sjou opgisit sos die seens sê. Ons eersti voetbolspan het net so i sjou sossie dirigenti opgisit want ons het gising en geskrou en gesmaail ommie annir aan ti spoor om i sjou op ti sit wat hilli ok gedoenit. Al het ons tweedi gikom het ons ok i sjou opgisit.

Die kaptyn piet stynbirg ennie annir ous hettie kovsies so girettil lat hilli dit noggie kan virstannie. Ons was ampir mal vannie vreegdi ennit het sos groot dingi gilyk toe die pikkie begin skor.

Lattir sê die seens om ons lat die ref nie voetbol kennie en lat hy kroek. Hy gee somir vriekieks oorlat hy nie die pikki laaik nie. Hilli sê barinhorst was gin okkanttie en lat daai plys wat die ikovs oor gissit het net tjietiry is. Ook die voelbek kan noks vang as hy nip virrie pikki wat storrim. Hy sien dittie ti goettie en hy sienie as koos diplooi skor nie, maar hy sien allie lyttekkels wat net ongelikki was.

Oom ek weet van voetbol net mooi apsiliet niksie ma ek wil nog dink daai seens lieg lattie revirie gikroek het. Nee oom hilli drywi is net ti sier om ti slik want i groot mens sos hy sallie sommir so innie opinbarighyt voorrie dysinne mense sta in kroekie. Nog nooitie sal hy sommir wil tjiet vir ikovs nie, want dan kannie beste voetbolspan mossie wennie.

Ma nou weet ekkie so mooinie, want ok ou pottie potgietir wat van syt wes af kom is oortyg van virneekiry, en hyssie daai soort wat sommir onregverrig sal biskildag nie.

Lat ek net afslyt om oom ti virseekir lat ek my hanni in onskilt was want ek hettie gispeel of giref nie in ek weet bytindien hoeginamt nie van voetbol iets nie.

Ma oom moettie virgeet nie lat al het die pikki ok tweedi gikom het hilli i groot sjou opgisit. Al lieg die wappat sos allie annir kiranti sally hierie keer sammit my stem. Oom sal sien.

Ek sê weer i slag koebaai,
Krag en baaiji gisontheit,
Katrienakie vannirwalt.

# ALABAMA OORSPRONKLIK

**„Dit is nuut, dit is oorspronklik, ek het dit geniet", was meer as een persoon se kommentaar op die Alabama Studenteorganisasie se opvoering „Aggenee Bettie" deur Nesco du Toit Woensdagaand 15 Augustus hier in die Totiussaal.**

Dit is baie goed dat die reisvader, Jan Boneschans, vooraf 'n verduideliking van die inhoud van die stuk gegee het. Daardeur is verseker dat die gehoor nie die stuk as 'n aaneenlopende verhaal sien nie, maar elke handeling as 'n aparte simboliese gedagte.

Party handelinge, bv. die droomtoneel, het egter te lank geduur en het die gehoor verveeld geraak. Die eerste bedryf het baie teleurgestel. Die oorsaak hiervan moet by die „gemaakte" toneelspel gesoek word. Jan Boneschans en Marnus Roodtman kan egter uitgesonder word as die twee spelers wat hulle rolle baie oortuigend en natuurlik gespeel het.

Die décor en beligting was skitterend. Die opset van die décor in die begin van die tweede bedryf was uitstekend en juis daarom het dit so 'n skerp kontras gevorm met die kaal verhoog in die eerste bedryf.

Die koor verdien spesiale vermelding. Deurentyd het hulle daarin geslaag om die peil van die opvoering hoog te hou. Dit sê baie vir die bekwame dirigentskap en afrigting van Ben Bierman.

Die wawieldans aan die einde van die opvoering was waarlik die hoogtepunt van die aand. Dit was oorspronklik en het aan al die toerlede die geleentheid gebied om op die verhoog te verskyn.

Die Alabama het begin met 'n oorspronklike en heeltemal nuwe en moderne rigting op die vermaaklikheidsgebied. Dit verg „harde werk" en „vas byt". Die Alabama ht egter nog altyd bewys dat hulle enige moeilikheid die hoof kan bied en ook nou is ons verseker van die feit dat hulle steeds groter sukses op die gebied sal behaal.

# Toer na Noord-Zoeloeland

**Die afgelope Julie-vakansie het mnrr. J. Breedt en E. Baumbach van die Departement Bantoetale, 'n studietoer na Noord-Zoeloeland onderneem. Gedurende die maand is waardevolle navorsing op taalgebied en ook na die leefwyse van die Bantoe gedoen.**

Op die vooraand van die nuwe bedeling waarvolgens daar aan die Zoeloes ook 'n gebiedsowerheid gegee gaan word, is dit opmerklik hoe min die Bantoe van Noord-Zoeloeland besef watter verantwoordelikheid so 'n ontwikkeling teweegbring.

### Aanplantings

Die Bantoekommissaris op *Inkwavuma* wou die noodsaaklikheid daarvan om voorsorg vir onafhanklikheid te tref onder die aandag van die bevolking bring, deur hulle te laat begin met bosaanplantings. Hulle antwoord egter hierop: „Moenie ons met sulke goed pla nie; gee net ons pensioene en laat ons verder alleen!"

In Noord-Zoeloeland voer die Bantoe nog 'n tradisionele bestaanswyse. Elke man besit 'n paar beeste en bokke en verder ook 'n spesifieke area waarop sy lalapalms groei.

Hierdie palms se sap word getap en wanneer dit drie tot vier dae oud is, in bottels versamel. Hierdie bier, wat 'n geweldige hoë alkoholpersentasie bevat, word gewoonlik op 'n spesiale versamelplek verkoop. Dit is 'n baie gewilde drank in hierdie landstreek.

### Landjie

Elke man het voorts nog sy eie landjie waar sy vrou n bietjie mielies, kafferkoring en patats plant. Die primitiewe landboumetodes kan egter nie in hulle behoefte voorsien nie. Daar kan slegs gehoop word dat hierdie mense betyds sal wakkerskrik uit 'n primitiewe slaap, sodat hulle verantwoordelikheidsbesef kry.

# Verlowings' kyse en ander sports

**Na die geweldige sneeustorm wat die Potchefstroomse Alpe belewe het (dis seker nou baie koud op die Drakensberge — ons kry mos altyd koud as hulle sneeu het!) is die oond nog te koud om warm te wees.**

Daar is egter ander hittetjies wat nooit koud geblaas sal word nie— selfs nie eers op die koudste winteraand op een van Oom Bossie se beton-yskaste nie!

### Diamanthandel

Die diamantbedryf het 'n geweldige hoogtepunt beleef soos die Pukke die afgelope tyd *klip ingestoot het.* Kyk net na al die verlowings:

John Ranwell en Thea Venter.
Piet van der Schyff en Magriet Roelofse.
Smiler Marais en Charlotte Nel.
Fritz de Vos en Sonja Kievit.
Ghibeau Gerber en Ralda de Jager.
Tiens Lindeque en Susara Bredenkamp.
Ludwig Röder en Cecilia Oelofse.
James Thom en Sara Hattingh.

Nouja, en as 'n mens so heeldag glo net mooi vyf) tot die heeldag staan en stoom afblaas, is die lawaai om ONZE OOM so groot dat 'n mens ook nie alles hoor nie. Ons hoofredakteur is 'n man wat toe al die tyd meer as vier maande gelede (dis vandag glo net mooi vyf) tot die wettige diamanthandel toegetree het. Aan *Idyll van der Walt* ons gelukwense, aan *Blanje Combrink* ons simpatie!

### Kyse

Die lentebloeisels het hulle invloed laat geld en die volgende kyse tevoorskyn gebring:

Bettie Ras en Gregoire Aucamp.
Hester Booysen en Pieter Enslin.
Annette Smuts en Kobie van der Walt.
Martie Vorster en Pieter van der Walt.
Magtild Roelofse en Pieter Mulder.
Johanna du Toit en Chris van Ryssen.
Riekie Smith en Pieter Vorster.
Emsie Pretorius en Jakkals Reinecke.

En dan is *Katrienakie vannirwalt* en *Carpio Brand* ook gekys, maar ons dink dis 'n verkiesingset. Hy het glo nog 'n meisie op Ngoya ook!

### Verjaarsdag

Dan was die 17e Augustus 'n groot dag vir Mariana Viljoen en Cassie Venter. Hulle het die eerste verjaardag van hulle kys gevier. (Hoekom het Cassie se tafelmaats nie sjampanje gekry nie? — Red.) Mag daar nog baie wees! (Verjaardae, nie kyse nie!)

'n Verkiesing is net soos 'n turksvy —
hy's baie lekker, maar
diegene sonder verstand
sit altyd met dorings in die hand!

ONZE OOM LOKOMOTIEF.

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*

*Besoek:*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN KOEJAWELSAP
in bottels en blikkies

**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
**Transvalia Meubels**
FOON 2157 — KERKSTRAAT 180
POTCHEFSTROOM
*Besoek ons vir Vriendelike Diens en Meubels van Gehalte*
Ons meubels word erfstukke.

LEES ELKE WEEK . . .

Potchefstroom HERALD

★ Volledige plaaslike nuus
★ Sportverslae
★ Universiteitsnuus
★ FLIEKNUUS

ORAL VERKRYGBAAR

# PUKKE MAAK AMOK OP PARYS

**Op 'n rugbydag te Parys, verlede Maandag, het die twintigtal Puk-spelers, onder wie net vyf eerstespanspelers, amok gemaak deur drie trofeë te verower. Die twintig spelers het drie wedstryde gespeel en al drie onderskeidelik 20—5, 6—5 en 16—11 gewen.**

Die Pukke het sjampanje-rugby gespeel soos 'n studentespan alleen dit kan doen. Die Puk-manne het beslis vir die dag se opwindenste rugby gesorg, hardlooprugby was aan die orde van die dag en dit is grootliks te danke aan die aanvoering van Piet Steinberg. Daar was 'n baie goeie samespel tussen voor- en agterspelers, veral Piet Steinberg en Koos Hattingh was oral by om aan te sluit by die agterlyn.

Die held van die pukke was ongetwyfeld Johan van der Schyff, wat male sonder tal soos blits deur gapings geseil het en vir 'n hele paar van die drieë verantwoordelik was. Hy is goed bygestaan deur Lionel Phillips en Jan Kruger.

As die Pukkies net 'n goeie skopper gehad het, sou die tellings baie hoër gewees het aangesien net drie drieë van die dertien vervyf is. Die drieë is aangeteken deur Piet Steinberg (3), Johan van der Schyff (2), Koos Hattingh (2), Jan Ackerman (2), Lionel Phillips (1), Smous van der Westhuizen (1), Piet Vorster (1).

Die goeie gees van die Pukke wat op die veld sowel as op die pawiljoen geopenbaar is, was grootliks vir die Puk se sukses verantwoordelik en daar is beslis 'n rekord gestel wat in die toekoms oortref sal moet word.

# GIMNASTIEKKLUB PRESTEER GOED

**Die gimnastiekklub het gedurende die afgelope jaar tot een van die aktiefste en kragtigste sportklubs van die Universiteit ontwikkel.**

Hierdie jong klub het eers van die begin van hierdie organisasiejaar onder patronaat van die Studenteraad gekom; 1962 was dus 'n proefjaar. Gedurende hierdie jaar het hierdie klub tot krag gegroei.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Puk het die Gimnastiekklub 'n toer onderneem gedurende Junie—Julie en wel deur Noordoos-Transvaal, die Vrystaat en Natal. Die program wat aangebied is het groot byval gevind en het getuig van 'n baie hoë standaard. Die advertensiewaarde en opvoedkundige waarde van hierdie toer kan nie oorskat word nie. Dit het vir die Puk tot groot eer gestrek en die toer het ook daarin geslaag om hierdie mooi sportsoort, nl. gimnastiek, aan die publiek bekend te stel en hulle te motiveer tot selfbeoefening daarvan. Hoewel die doel van hierdie toer nie soseer was die insameling van fondse nie, het dit tog 'n beraamde nettowins van R300 opgelewer.

Die mansspan, onder vorige aanvoering van mnr. W. J. Putter, het die ligakampioenskappe vir 1962 gebuit. Gedurende September word die Noord-Transvaal Gimnastiekkampioenskappe hier in Potchefstroom gehou. Met gimnaste soos Gouws Oberholzer, Nico Roos, Jorrie Jordaan, Piet Goossens, Tjaart van der Walt (Casenova) en Tjaart Steyn en damesgimnaste soos Gerda Bester, Winy Bekker, Neline Smith en Hester van der Walt, behoort dit goed te gaan.

Die aktiwiteite van die gimnastiekklub strek ook wyer as net die bogenoemde. Gimnastiekvertonings by skoufeeste is baie gewild, só dat daar nie minder as 10 sulke vertonings gedurende die afgelope jaar gelewer is nie.

Hierdie klub het te sterk geword vir sy babastatus en ek vertrou dat dit hiermee finaal aan die Studenteraad getoon het dat dit as volwaardige liggaam van die Sentrale Sportbestuur ingereken behoort te word.

# Manus neem afskeid

**Rugbykenners verklaar dat Herman Venter, 'n bekende figuur op die Puk, die beste lynstaanvoorspeler is wat vandag in aksie gesien word.**

Dit is met groot spyt dat die Puk se rugbyklub vanjaar van hierdie groot speler moet afskeid neem.

Herman was op Benoni op skool waar hy vir sy skool se eerstespan gespeel het. In 1956 skryf hy aan die P.U. vir C.H.O. in. In hierdie jaar en in 1957 het hy vir Wes-Transvaal O/19 rugby gespeel.

Vanjaar draf hy vir die laaste seisoen vir die Puk uit nadat hy vyf jaar lank vir die eerstespan slot gedruk het.

### Ongelukkig

By verskeie geleenthede het Herman al vir Wes-Transvaal B gespeel en hy was slegs ongelukkig om nog nie vir Wes-Transvaal of 'n gekombineerde universiteitespan op die veld te draf nie. Onthou moet word dat Wes-Transvaal oor sulke slotte soos Johan Claassen en At van Wyk beskik.

Rugby is die enigste sportsoort waaraan Herman deelneem en sy ywer en toewyding is bekroon met die erekleurbaadjie van die Puk.

Hy is vanjaar besig met B.A. Honns. in Geskiedenis terwyl hy op Carletonville skoolhou.

# Puk klop Goldfields maklik

Die Puk se eerste rugbyspan het verlede Saterdag sonder veel moeite daarin geslaag om vir Goldfields te klop met agt punte teenoor drie.

Albei spanne was verswak deurdat van hulle spelers Wes-Tvl. gespeel het. Goldfields was allerweë as die gunstelinge beskou, maar hulle voorspelers en gevaarlike agterlyn kon nie die mas opkom nie en is oorskadu deur die Puk-manne.

Die wedstryd was baie aanskoulik en dit was veral die Pukke wat vir 'n paar mooi bewegings verantwoordelik was, en wat vir die grootste gedeelte van die wedstryd gebiedsvoordeel geniet het. In die lynstane was Herman Venter duidelik baas, terwyl Bulletjie de Beer vir 'n paar vasskoppe gesorg het.

In die agterlyn het Kobie van der Walt en Smous van der Westhuizen goed vertoon.

Kobie van der Walt het die Puk se enigste drie op eie houtjie gedruk en Pieter de Villiers het vervyf, terwyl Piet van der Schyff met 'n mooi skepdoel geslaag het. Goldfields se punte het gekom van 'n strafdoel.

# B.Comm. Fakulteit vs. eerstes

**Op Woensdagmiddag 26 September vind die lankbeloofde rugbywedstryd tussen die B.Comm.-fakulteit en die Puk se eerstespan plaas.**

Die B.Comm.-keurkomitee het verlede week hulle finale span aangekondig en te oordeel aan die spelers wat hulle gekies het, lyk dit of hulle die eerstespan geensins onderskat nie.

Die span is soos volg: Rassie van der Westhuizen *(W.-Tvl1-B)*; Trevor van Niekerk *W.-Tvl.)*, Jimmy Pohl *(W.-Tvl.)*, Attie Coetzee, Johan Aucamp *W.-Tvl. O/19)*; Thys vanZyl *(N.-Tvl. en W.-Tvl.)*, Ginger van Aswegen; Jaap Badenhorst *(Noordelike Univ. en S.A. Univ.)*, Louis du Toit, Jona Viljoen *(W.-Tvl. O/19)*, Lou van Wyk, Avril Malan *(W.P., Tvl. en Springbok)*, Johan Scholtz, Piet Willemse en Piet Bosman *(W.-Tvl.)*.

Die kaptein van die span is Avril Malan en die onderkaptein Thys van Zyl. Mnr. Danie Viljoen sal as spanbestuurder optree terwyl Springbokkaptein Johan Claassen die fluitjie sal hanteer.

### Gedug

Op papier lyk hierdie span na 'n gedugte kombinasie en dit gaan beslis nie een van die eerstespan se maklikste wedstryde hierdie jaar wees nie. Die meeste van die B.Commers se spelers spog met 'n *rugbygraad* agter hulle name.



Avril Malan

Die twee troefkaarte in die B.Comm.-span is Thys van Zyl en Avril Malan. Puk sal hierdie manne fyn moet dophou anders gaan daar groot probleme vir hulle opduik.

### Huistoe

Maori Scholtz sal seker Woensdagaand huistoe skryf: „Ma, raai saam met wie het ek vandag slot gedruk?!"

Die wedstryd behoort baie aanskoulik te wees. Mnr. Danie Viljoen, bestuurder van die B. Comm.-span verklaar dat hulle die tipiese Springboktaktiek van „eers voor sag maak en dan agter slaan" gaan toepas, en dat hulle ten alle tye die spel sal oophou.

### Ondersteuning

Die wedstryd verdien die ondersteuning van elke rugbygeesdriftige op die Puk en die dames kan gerus kom kyk hoe lyk twee Springbokkapteins.

Na die wedstryd sal die *Albert Sorgdragertrofee* deur mev. (dr.) A. J. E. Sorgdrager aan die wenspan oorhandig word. — (V.O.B.).

# PUK VERLOOR RUGBYBREIN

**Carel Grundlingh, een van die briljantste losskakels wat die Puk in jare opgelewer het, neem aan die einde van hierdie jaar afskeid van die P.U. Rugbyklub.**

Carel, wat vanjaar met 'n Honns. B.Sc.-studie besig is, aanvaar 'n betrekking hier plaaslik en sal waarskynlik volgende jaar vir Potchefstroom-Dorp teen sy Alma Mater opdraf.

Grundlingh het in 1959 as eerstejaarstudent aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf. Reeds in sy eerstejaar het hy naam gemaak op die rugbyveld en Wes-Transvaal O/19 verteenwoordig.

In sy tweedejaar speel Carel eerstespan en trek die rooi-en-groen trui van Wes-Transvaal teen die einde van die seisoen oor sy kop. Daarna het hy sy provinsie verskeie kere verteenwoordig.

### Onderkaptein

In 1961 word Carel gekies as onderkaptein van sy klub — 'n besondere prestasie vir 'n derdejaarstudent. Vanjaar was hy weer op die rugbyklubbestuur in hierdie hoedanigheid.

Hoewel hy aan die begin van die seisoen sy been gebreek het, het Carel voor intervarsity teruggekeer en sy briljante spel van vroeër voortgesit asof daar geen besering was nie.

Die erekleure wat hy vir hierdie sportsoort verwerf het, is bewys van die hoë agting wat hy afgedwing het in ons studentelewe. Mag hy nog „groot" rugby speel!

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004034/8